

## BOEKBESPREKINGS

Van Tonder, J. J.: *Sewentien Perd- en Ruitermonumente in Suid-Afrika*. Johannesburg, 1971.

In sy boodskap, wat aan die inhoud van *Veertien Gedenktekens van Suid-Afrika*, voorafgaan, het ons eerste Staatspresident, adv. C. R. Swart, die oprigting van monumente, gewy aan ons volkshelde e.a. verdienstelikes wat ons voorgegaan het, op 'n oortuigende wyse bepleit. Die Staatspresident het o.m. die nadruk op die uitwerking van idealistiese simboliek op 'n volk gelê en verder verklaar dat materialistiese gedenkrigtings nooit dieselfde besielende krag en sielsverheffing aan 'n nageslag kan besorg nie. Op grond van hierdie oortuiging het die eertydse Staatspresident dan ook bogenoemde, besondere publikasie van ganser harte verwelkom.

Dr. J. J. van Tonder, voorsitter van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika, het as redakteur van *Veertien Gedenktekens van Suid-Afrika* opgetree en, saam met hom, het 'n aantal gelykgesinde en gesaghebbende skrywers die inhoud van hierdie werkie op 'n uitmuntende wyse versorg.

*Veertien Gedenktekens* was, reeds toentertyd, slegs een van die uitvloeisels van dr. Van Tonder se besielende werk om ons land op die gebied van gedenktekens te verryk en deur sy werk ander aan te spoor om in sy liefde te deel.

Tien jaar het verbygegaan en in 1971 het, weer eens onder redaksie van dr. Van Tonder die publikasie *Sewentien Perd en Ruitermonumente in Suid-Afrika*, die lig gesien. Weer eens was adv. C. R. Swart bereid om hierdie werkie van 'n besielende voorwoord te voorsien. In verband met hierdie publikasie het oud-Staatspresident Swart o.m. verklaar: „Monumente en standbeelde word opgerig om boodskappe aan die nageslagte oor te dra, volkstradisie op te bou en om piëteit en erkentlikheid te betoon. Daarom sal die perd in die lotswisseling van die tyd nie vergeet word nie.”

En oor watter ontroerende ruiterstandbeelde beskik ons vandag? Prof. A. N. Pelzer skrywe oor die ruiterstandbeeld van genl. A. W. J. Pretorius (Pretoria), prof. dr. J. S. du Plessis beskrywe die De la Rey-ruiterstandbeeld (Lichtenburg), prof. dr. F. J. du Toit Spies gee sy beskouings oor die oorlogsmonument by die Uniegebou (Pretoria) weer. Die geskiedenis van die totstandkoming van die ruiterstandbeeld van genl. C. R. de Wet, soos beskrywe deur prof. dr. J. J. Oberholster, was stormagtig. Dr. Van Tonder beskrywe vervolgens die in wording synde J. G. Strijdom-monument (Pretoria), 'n beskrywing wat uitgegroeï het tot 'n lewensbeskrywing van wyle Eerste Minister adv. J. G. Strijdom en duidelik laat sien watter oorwegings die beplanners van hierdie gedenkteken besiel het. Dan is daar twee monumente ter nagedagtenis aan Cecil John Rhodes deur mnr. P. M. H. Calitz geskrywe (Kimberley, Tafelberg). Agtereenvolgens kom daarna die Dirkie Uys-monument (Johannesburg, dr. E. L. P. Stals), die Louis Botha-standbeeld (dr. J. J. van Tonder), die Louis Botha-monument (Kaapstad, dr. J. J. van Tonder), die perdgedenkteken (Port Elizabeth, prof. Marius Swart) aan die beurt. Persoonlik het dr. Van Tonder die Dick King-monument (Durban), die Burgermonument (Ermelo), die Verkennersmonument (Oos-Londen), en die bestaande Wolraad Woltemade-monument (Kaapstad) vir sy rekening geneem. Dr. J. C. Otto, L.V., het sy gedagtes oor die voorgenome Wolraad Woltemade-monument naby Kaapstad laat gaan, terwyl dr. N. Mossolow die bekende Ruiter van Suidwes (Windhoek) beskrywe het.

In ruim 100 bladsye en in die vorm van 'n aantal treffende afbeeldings word die belangstellende leser feitlik gedwing om van die een bladsy na die volgende te gaan. Die Boer en sy perd, die perd in tye van oorlog en vrede, die perd

in die dae van die Groot Trek . . . Op dié wyse kan ons voortgaan en steeds dieper onder die besef kom van die perd en sy ruiters, albei onverbreeklik verbind met die geskiedenis van ons land en volk, feitlik van die begin af. Dat dr. Van Tonder en sy onderskeie medewerkers hierdie besef weer eens verbreed en verdiep het, verdien almal se dank. En die reaksie? *Sewentien Perd- en Ruitersmonumente in Suid-Afrika* is binne afsienbare tyd uitverkoop.

Hierin lê m.i. die beste bewys dat dr. Van Tonder, bygestaan deur sy medewerkers, 'n gevoelige snaar in die volkslewe en volksgevoel aangeroei en tot nuwe lewe gebring het. En dit is juis in hierdie verband dat ons veral hulde betuig aan dr. Van Tonder en die inisiatief wat jare gelede deur hom geneem is. Vir dr. Van Tonder moet dit bemoedigend wees dat hy telkens 'n uitgelese skare van medewerkers vind wat bereid is om 'n ideaal te help verwesenlik.

Jan Ploeger.

Kennedy, R. F.: *The Heart of a City, a History of the Johannesburg Public Library*; pp. XIV, 636, 25 ill. Juta, Johannesburg, 1970. R16.

Vanaf 1921 tot sy aftrede in 1960 was mnr. R. F. Kennedy verbonde aan die Openbare Biblioteek in Johannesburg. Hierdie geskiedenis wat hy oor daardie biblioteek geskryf het, bevat historiese feite sowel as persoonlike herinnerings. Reeds in 1889 was daar 'n sterk behoefte aan 'n biblioteek in Johannesburg, veral vir jong mense. Vanaf sy oprigting het die biblioteek rond getrek van die een plek na die ander, totdat dit in 1935 in die huidige gebou op Markplein gevestig is. Ons kry 'n insae in die klassifikasie, uitleen en inkoop, die tweetaligheidsbeleid en die vraagstuk van vrye biblioteekdiens wat eers in 1922 opgelos is. Afdelings daarvan is die rondreisende biblioteek, hospitaal-hulp, voorstedelike takke, die kinder- en skoolbiblioteek. Daar is ook die afsonderlike versamelings soos die Seymour Herdenkingsbiblioteek vir wetenskaplike boeke, die Strange Africana Biblioteek en die Michaelisversameling van kunsboeke. Dan is daar die tydskrifte-afdeling met die probleme om volledige reekse van belangrike tydskrifte te bekom. Behalwe boeke en tydskrifte is daar besonder belangrike museumversamelings in die gebou ondergebring. Die bekendste is wel die Africana-museum, maar daar is ook die versameling van Suid-Afrikaanse posseëls, munte, musiek en geologiese monsters. 'n Biblioteek is nie net 'n bêteplek vir boeke nie maar eerder 'n kulturele middelpunt in 'n samelewing. In Johannesburg word gereeld opvoerings in die biblioteeksaal gehou en daar is ook die bekende uitstallings in die ingangsportaal.

'n Aangebore sin vir humor het die skrywer daarvan weerhou om met 'n uitgerekte, droë relaas genoeg te neem. Selfs onder die treurigste omstandighede was daar nog altyd geleentheid om die lagwekkende raak te sien. Daar was byvoorbeeld die opruim van die afdeling koerante tydens die verlof van sy voorganger, die trek op een dag na die nuwe gebou op Markplein wat mnr. Kennedy as 'n „exciting and enjoyable day” onthou. Agteraf beskou vind hy homself baie regskepe as hy hom die boeke herinner wat hy in die eerste jare van die algemene uitleenrakke laat onttrek het!

Hoewel die boek baie uitgebreid is en uit die aard van die onderwerp ook moet wees, word nie onnodig op besonderhede ingegaan nie. Daar word byvoorbeeld net daarvan melding gemaak dat die nuwe gebou versier is met beelde van Moses Kottler; die meningsverskil wat destyds oor hierdie beelde ontstaan het, is nouliks tersake en word nie vermeld nie. Die Africana Museum is eintlik 'n hoofstuk op sigself en dit lyk asof mnr. Kennedy beplan om later 'n afsonderlike studie hieraan te wy.

Daar kon geen beter titel vir hierdie boek gekies word nie, omdat dit nie net 'n oorsig van die ontstaan en groei van die biblioteek bevat nie, maar tegelykertyd 'n beskrywing is van die intellektuele en kulturele ontwikkeling van Johannesburg van die vroegste dae af. Vir die vakman bevat die boek baie waardevolle inligting en 'n aanduiding van hoe menige moeilikheid, tegnies sowel as andersins, opgelos is. Die biblioteek is 'n wesenlike deel van Johannesburg en vir die historikus bevat die boek 'n geweldige hoeveelheid feitemateriaal en is dit bowendien 'n onmisbare bron vir die geskiedenis van Johannesburg en die Rand. Maar ook vir die algemene leser wat belangstelling vir die onderwerp het, is dit, vanweë die vlot verteltrant daarvan, die simpatieke benadering van probleme, gebeurtenisse en persone, en die sagte humor, 'n besonder aangename boek om te lees. Kortom: dis nog 'n boek deur mnr. R. F. Kennedy en as sodanig het dit nouliks 'n aanbeveling nodig!

F. G. E. Nilant.

Williams, E. C.: *Anne of Denmark*, Longmans, Londen, 1970. Pp. 205 Bibl. indeks illus. R5-20.

Die skryfster het haar Hons.-graad in die moderne geskiedenis aan die Lady Margaret Hall, Oxford, behaal en haar daarna begin toelê op die skrywe van biografieë.

Daar word dikwels nie genoeg aandag bestee aan die rol wat vorstinne in die geskiedenis gespeel het nie. Die rede hiervoor moet moontlik daarin gesoek word dat historici hulle aandeel dikwels onderskat het, of dat die rol wat hulle gespeel het nie werklik die verloop van die geskiedenis beslissend geraak het nie.

Dit is allermins die geval met Anna van Denemarke. Die skryfster wys o.a. daarop dat hoewel Anna se man, Jakobus I van Engeland, haar min kans tot politieke inmenging gegun het, sy tog op haar manier haar invloed laat geld het. Sy het bv. daarvoor gesorg dat Robert Carr tot 'n val gekom het sowel as sy bondgenoot Sir Thomas Overbury. Dit was Anna wat hardnekkig vir die lewe van Sir Walter Raleigh gepleit het.

Anna is op 12 Desember 1574 in die kasteel Skandeborg in Jutland, Denemarke gebore. (Vandaar ook die titel van die werk). Haar vader, Frederick II van Denemarke, was geensins ingenome met die geboorte van sy derde dogter nie, en sou liever 'n seun wou hê.

Jakobus II (Jakobus I van Engeland) van Skotland het veral sy oog gehad op prinses Anna van Denemarke en prinses Katharina van Bourbon. Hoewel Jakobus self Franse bloed gehad het en daar op daardie stadium 'n lang vriendskap tussen Skotland en Frankryk bestaan het, het sy finale keuse egter op Anna van Denemarke geval.

Haar lewe in Skotland was nie baie gelukkig nie, want behalwe dat sy ontevrede was met die kasteel waarin sy woonagtig was, het sy ook algou in 'n hewige godsdienstige stryd betrokke geraak. Nadat Jakobus I die troon van Engeland bestyg het, het haar lewe veraangenaam. Eerstens was die geweldige styging in prestige vir haar 'n onmisbare troos en genoegdoening.

Wat haar huwelikslewe betref, kan 'n mens Anna nie juis as 'n gelukkige persoon beskryf nie. Jakobus II was geen getroue lewensmaat nie, en hy het neigings getoon wat vir Anne byna onaanvaarbaar was.

Uit haar huwelik met Jakobus I is daar sewe kinders gebore waarvan slegs drie hul suigelingsjare oorleef het. Van hierdie drie was Hendrik die oudste. Hy is op 18-jarige leeftyd aan maagkoors oorlede. Die enigste oorlewende dogter, Elizabeth, het teen die wense van haar moeder met die Keurvors van die Pals

getrou, en na haar huwelik nooit weer Engeland besoek nie.

Slegs haar lieflingskind Karel (later Karel I van Engeland) was by haar sterfbed aanwesig. Karel het egter nie in sy ouerhuis groot geword nie. Hy is op jeugdige leeftyd van sy ouers verwyder.

Die werk voldoen aan die eise van wetenskaplike geskiedskrywing, en die skryfster slaag daarin om op uiters onderhoudende wyse haar stof aan te bied. Ek is oortuig daarvan dat 'n werk van hierdie aard 'n breë leserskring sal vind.

D. W. van der Merwe.

Greig, Doreen: *A Guide to Architecture in South Africa*, pp. 237, 88 ill., Howard Timmins, Kaapstad, 1971. R12.

Hierdie boek bestaan uit twee afsonderlike dele: eerstens 'n oorsig van die Suid-Afrikaanse boukuns en tweedens 'n bespreking van belangrike geboue vanaf 1665. In teenstelling met baie ander boeke oor ons argitektuur word daar min aandag geskenk aan die Kaapse gewelhuise, 'n juiste benadering vir 'n boek wat tot 'n historiese oorsig beperk is. Die boukuns in Suid-Afrika het aanvanklik veral in die kusstreke ontwikkel. Tot 1850 was die binneland weens pioniersomstandighede minder gunstig vir die ontwikkeling van 'n boukuns. Die Kaapse argitektuur was in die 17de en 18de eeu hoofsaaklik onder Hollandse invloed, maar vanaf die begin van die 19de eeu, veral na die koms van die Britse Setlaars in 1820, neem Britse invloed sterk toe. Veel buitelandse invloed is 'n gevolg van die noodsaak om voltooide boumateriale in te voer. Sodra egter plaaslike materiaal gebruik word, lei dit spoedig tot lokale veranderings. Die Suid-Afrikaanse stoepp is hiervan 'n kenmerkende voorbeeld.

Kerkbou speel 'n groot rol. Die kerk is die mees opvallende gebou in die dorp in die vormgewing waarvan sowel tradisie as ambisie uitgelewe word. Die skryfster gaan die invloed van die opeenvolgende Europese style op Suid-Afrika noukeurig na: Georgians, Regentskap, die neo-Gotiek van biskop Gray en sy vrou Sophia, daarna die van Morris en Ruskin. Die klassisisme is in die binnelandse Republieke veral na Franse voorbeeld toegepas op stadsale en ander openbare geboue.

Herbert Baker is die eerste wat doelbewus rekening gehou het met die besondere vereistes van die Suid-Afrikaanse klimaat. Die moderne boukuns het tot 1930 nouliks invloed op Suid-Afrika gehad. Nuwe insigte by 'n groep jong argitekte aan die Universiteit van die Witwatersrand het aanleiding gegee tot meer belangstelling daarvoor wat voorlopig egter tot woonhuise beperk bly. Toenemende nywerheidsontwikkeling en veranderde lewensomstandighede het na 1945 gelei tot 'n tekort aan geboue vir staatsadministrasie, handel, fabriekke, hotels, teaters en woonstelle. Moderne opvattinge soos beliggaam in eksperimentele boukundige ontwerpe het vanaf hierdie tyd in toenemende mate posgevat. Dis ook opvallend dat in die moderne boukuns in Suid-Afrika kerkbou weer 'n uitgesproke leidende rol speel.

Die tweede deel van die boek bevat 'n oorsig van die belangrike geboue in Suid-Afrika, alfabeties volgens plek gerangskik. Die skryfster erken dat so 'n oorsig noodsaaklik 'n mate van persoonlike voorkeur weerspieël. Hierdie oorsig bevat 'n groot hoeveelheid wetenskaplike feite. Ook hier kon egter nie te diep op die feite ingegaan word nie. Die Pretoria-Oos kerk word vermeld onder neo-Bisantynse styl. Dit sou te ver voer om in hierdie geval toe te voeg dat die gebou nouliks verskil van die boonste deel van die San Biangia (deur Anton da S. Galla) naby Montepulciano in Italië, en dat as gevolg daarvan die gebou die indruk wek asof dit bietjie in die grond weggesak het.

Die boek bevat 'n woordelys, 'n kort boekelys en 'n indeks. Vir die eerste keer het ons 'n redelike opsomming van die ontwikkeling van ons moderne boukuns gedurende die afgelope kwart eeu. As 'n algemene geskiedenis en oorsig van die Suid-Afrikaanse boukuns is hierdie boek die beste handleiding op hierdie gebied wat nog verskyn het.

F. G. E. Nilant.

Dickens, A. G. en Davies, A. (red.): *Documents of Modern History*, Edward Arnold Ltd., Londen, 1970.

1. Anderson, M. S.: *The Great Powers and the Near East 1774-1923*. Pp. 181.
2. Collins, I.: *Government and Society in France 1814-1848*. Pp. 176.

Ongelukkig word dit nie vermeld uit hoeveel dele hierdie reeks, *Documents of Modern History*, gaan bestaan nie, maar daar is 'n sterk vermoede dat hierdie twee werke nie die enigstes in die reeks sal wees nie.

Soos die titel aantoon, het ons hier met dokumente te doen, en dit wel uitgesoekte dokumente wat oor bepaalde temas handel. Die dokumente word kronologies en tematies verdeel. In beide gevalle word die versamelings dokumente van 'n inleiding voorsien wat as bekendstelling van die onderskeie dokumente moet dien.

Die grootste leemtes wat aangedui kan word, is die afwesigheid van 'n alfabetiese indeks tot die dokumente. Dit bemoeilik die taak om vinnig 'n dokument onder oë te kan neem.

Die dokumente wat handel oor die Groot Moondhede en die Nabye Ooste is hoofsaaklik beperk tot Turkye se verhouding met moondhede soos Rusland, Engeland, Oostenryk en Frankryk. Die werk vind sy vertrekpunt vanuit die vrede van Kutchuk-Kainardji (1774), en sluit af met die vrede van Lausanne (1923). Dit is beide 'n goeie begin- en eindpunt, want hoewel Pieter die Grote tydelik daarin geslaag het om die hawe Azov van die Ottomaanse Ryk oor te neem, was dit eers Katharina die Grote wat werklik daarin sou slaag om die Ottomaanse Ryk 'n blywende knou te gee met die bepalings van Kutchuk-Kainardji.

Hierna sou veral Rusland alles in sy vermoë doen om die Ottomaanse Ryk ten koste van eie belange te probeer vernietig. Telkens moes moondhede soos Engeland en Frankryk (ig. was meer geïnteresseerd in eie belange as die belange van Turkye), ingryp om die Ottomaanse Ryk te handhaaf. Dit was eers in 1923 met die sluiting van die Lausan-vredesverdrag dat daar 'n redelik stabiele Turkye ontstaan het.

Daar word ook aandag gegee aan die interne faktore wat gehelp het om die val van die Ottomaanse Ryk in 1918 te bewerkstellig.

Collins gee in *Government and Society in France 1814-1848*, veral aandag aan die sosiale en politieke gebeurtenisse onder die herstelde monargieë. Hy beperk hom nie eger slegs tot poulère korantberiggewing nie, maar raadpleeg ook etlike amptelike publikasies en wys hoe die mag van die pers daartoe gehelp het om die Julie-monargie in 1848 te laat val.

Albei hierdie werke word vir gevorderde studente aanbeveel.

D. W. van der Merwe.

Smail, J. L.: *Those Restless Years*, pp. 180, ill. Kaapstad, Howard Timmins, 1971. R5,50.

Hoewel oorloë en rewolusies tot die mees verkwistende handelinge van die mensdom behoort, vorm hulle blykbaar nodige elemente in die groeiproses van 'n nasie. In bogenoemde boek bepaal Smail hom by die gebeure van die Eerste

en Tweede Vryheidsoorlog, hoofsaaklik met betrekking tot Natal en Zoeloeland, en by die Bambata-opstand. 'n Kort inleiding behandel die oorsake van die onderskeie oorloë terwyl elke veldslag met 'n kort toeligting verduidelik word.

Die relaas word toegelig met 'n groot aantal illustrasies, wat egter weinig afwisseling bevat aangesien dit 'n ononderbroke reeks van grafstene en monumertjies weergee. Slegs hier en daar is daar afwisseling deur 'n afbeelding van 'n oorlogsterrein, afsonderlik soos die Boere en soos die Britte dit gesien het, of die monument op die plek waar dr. J. D. Kestell op 6 Januarie 1900 gewondes van albei kante gehelp het. Hierdie monument is op versoek van Engelse soldate opgerig. Vir almal wat egter 'n besondere belangstelling het vir slagvelde, is in hierdie boek ruimskoots materiaal vir verdere studie.

Daar is 'n lys van die Boerekommando's en van eenhede wat in Natal en Zoeloeland aan die twee oorloë deelgeneem het, van die oorlogskepe wat aan die Britse strydmagte ondersteuning verleen het, die aantal gewondes en die medaljes en onderskeidings wat aan albei kante toegeken is.

In dieselfde trant word die Bambata-opstand van 1906 bespreek.

Die boek eindig met 'n oorsig van die forte en versterkings wat in Natal en Zoeloeland opgerig is van 1824 tot 1906. Baie omvattender is 'n oorsig van die oorloë, opstande en militêre ekspedisies wat in Suid-Afrika plaasgevind het van 1510 tot 1953. Dit begin by d'Almeida in 1510 en eindig met S.A. se deelname aan die oorlog in Korea. Net soos die vroeër publikasies van J. L. Smail is ook hierdie boek eintlik 'n gids vir geskiedkundige plekke, monumente en curiosa. Vanuit hierdie gesigspunt is die boek waardevol.

F. G. E. Nilant.

Hardie, Frank: *The Political Influence of the British Monarchy 1868-1952*. Harper en Row, New York, 1970. Pp. 190 bibl. indeks.

Om die politieke invloed van enige regeerder te bepaal, is 'n saak wat beslis nie gou afgemaak kan word nie, en hoe nader daar aan die eie tyd beweeg word, hoe meer gekompliseerd raak so 'n ondersoek. Die poging van Frank Hardie word hartelik verwelkom. Hy het hom dit ten doel gestel om die politieke invloed van die Britse vorstehuis te analiseer en te boekstaaf. Die tydperk wat hy gekies het, strek vanaf 1868 tot 1952.

Die skrywer erken dat hierdie datums uiters arbitrêr is, maar motiveer tog sy keuse. In 1868 het Gladstone se Liberale Party aan bewind gekom, en dié party sou in die toekoms vier verkiesings wen. Om premier van Groot-Brittanje te wees, is klaar 'n bewys van groot invloed, en daarom was dit miskien 'n goeie keuse om die werk 'n aanvang te laat neem op 'n tydstip waar een van Brittanje se grootste seuns aan die roer van sake gekom het.

Aan die anderkant was 1868 gesien vanuit die standpunt van die regerende monarg ewe eens 'n goeie vertrekpunt. Die „Reform Act” van 1867 het die politieke invloed van die koningin verder op die agtergrond geskuif, en dit word hierna moeiliker om koningin Victoria se politieke invloed te peil. Die skrywer stel dit duidelik: „The political role of the reigning Sovereign, is of all the processes of the British Constitution, that least known to contemporaries. This is true of our present Queen and has been true of the five preceding reigns”. 'n Verdere rede waarom die skrywer 1868 as beginpunt geneem het, vind ons in die feit dat Gladstone en Victoria polities lynreg teenoor mekaar gestaan het.

Die skrywer sluit sy werk af met die dood van George VI op 6 Februarie 1952. Die afsluitingspunt kan uit die aard van die saak nie nader aan ons dag geskuif word nie.

Die werk berus op breë navorsing, en baie privaat-literatuur is geraadpleeg. Die skrywer het 'n goeie skryfstyl en die werk lees genotvol. Nog meer werke van hierdie aard behoort belangstelling te wek.

D. W. van der Merwe.

Green, Lawrence G.: *A Taste of South Easter*, pp. 211, ill. Howard Timmins, Kaapstad, 1971. R3,90.

Met uitsondering van enkele onderbrekings, o.a. tydens die Tweede Wêreldoorlog, het Lawrence Green reëlmatig elke jaar 'n boek geskryf. Die meeste hiervan belig Kaapstad of die Kaapprovinsie en sy geskiedenis, en lesers reis saam na die verste uithoeke van hierdie uitgebreide gebied. In hierdie boek keer Green terug na Kaapstad en beskryf hy die vroeëre lewe in die stad, gesien deur 'n vergrootglas: van baie naby en met opset eensydig. Nie die daaglikse lewe trek sy aandag nie, maar slegs die meer uitsonderlike verskynsels daarvan. Ons ontmoet straatmusikante en 'n buikspreker; ons deel die verlange na die klein hotelletjies van vroeër met hul uitgebreide maaltye vir min geld. Ons verdiep ons in ou kookboeke en in wat die vroegste besoekers aan die Kaap geëet het en wat hulle as goeie geneesmiddelle teen die gevreesde skeurbuik en ander siektes beskou het. Ons besoek winkels met speserye, kruie, outydse lekkergoed, heuning, tabak, sigare, sigarette en ander heerlikhede. Ons besoek 'n groente-, vrugte- en 'n vismark en oral ontmoet ons deskundiges wat ons op hoogte bring van die belangrikste wetenswaardighede insake al daardie verskillende bedrywe.

Ons maak egter ook kennis met meer uitsonderlike voorwerpe uit die ou Kaapse lewenspatroon: poskaarte, posseëls en sigaretkaartjies, sigarebandjies, slotmasjiene, besems en die parafienblik wat 'n besondere rol in die samelewing gespeel het. Daar is mej. Jeffreys met haar ontsaglike kennis van *Africana* boeke, en prof. Labouchère, 'n deskundige op die gebied van tatoeëring en ons kry in die kamer van afskuwelikhede 'n uitstekende lesing oor teregstellings in Suid-Afrika. Daar is die geskiedenis van die Kaapse trem en die eerste swart swane in die Kaap wat oorspronklik uit Australië stam. Ons leer oor Kaapse meubels, klokke, glas, skietgoed en kanonne. Kortom, dis die bonte en kleurryke kant van die lewe, vol verhale en oorlewerings waarmee ons in hierdie boek kennis maak. Daar is selfs plek vir skatsoekers en 'n deskundige op die gebied van skeepswrakke.

Die vlot verteltrant van Lawrence Green, sy droë, nugtere humor, maar ook sy uitgebreide feitekennis is welbekend. Wat ons verbaas is sy vermoë om telkens weer met nuwe interessante feite voor die dag te kom. Net soos die vorige boeke is ook hierdie nuutste uitgawe van Lawrence Green boeiend en lesenswaardig. Daar is 'n indeks en ses illustrasies deur Francois Lategan.

F. G. E. Nilant.

De Maumi, R. *The Franco-Prussian War*, Longman, Londen, 1970. Pp. 147. indeks.

Hierdie werk is die dagboek van 'n jong Franse offisier wat deur David Clarke verwerk is. Die werk verhaal die voortsetting van die Franco-Pruisiese oorlog na die slag van Sedan. Die oorlog was hoofsaaklik tot die platteland beperk, en die werk bied goeie insae in die swak-georganiseerde Franse leërs se verbete, maar hopelose poging om die oorlogmasjiene van Pruise te vernietig.

D. W. van der Merwe.

Asiegbu, J. U. J., *Slavery and Politics of Liberation 1787-1861*, Longman, Londen, 1969. Pp. 214 bibl. tabelle, indeks. R6-15.

Die onderwerp geniet steeds heelwat belangstelling in historiese kringe en die laaste woord daarvoor is beslis nog nie gesê nie.

In die verlede was daar veral twee skole wat in hierdie onderwerp belanggestel het. Die een skool het slawehandel en slawerny van uit 'n suiwer humanitêre oogpunt vertolk. Die belangrikste historikus van hierdie skool was sekerlik R. Coupland. Die skool staan dan ook bekend as die „Coupland-skool”. Veral in Groot-Brittanje het hierdie skool groot aanhang gevind.

Die tweede skool vertolk die probleem vanuit 'n sosio-ekonomiese standpunt. Die belangrikste aanhanger van hierdie skool was Dr. Eric Williams. Williams se werk, *Capitalism and Slavery* word dan vanuit 'n sosio-ekonomiese standpunt vertolk. 'n Poging van die Coupland-groep om hierdie standpunt te weerlê, lyk nie baie suksesvol nie.

Die hewige debat wat daar tussen hierdie kole ontstaan het, het slegs die probleem van die slawehandel en slawerny vanuit die Britse oogpunt behandel. Dr. Asiegbu se werk staan heeltemal los van beide standpunte. Hy trag om die posisie van die slawe self na te gaan. Hy poog om 'n antwoord te gee op die vrae wat na die afskaffing van slawerny opgeduik het.

Ses uit die sewe hoofstukke van hierdie werk vorm deel van die oorspronklike doktoral proefskrif van die skrywer. Hy het sy graad aan die Universiteit van Sierra Leone behaal.

Slegs die eerste hoofstuk, wat die skrywer met die afronding van hierdie werk toegevoeg het, berus op sekondêre bronne. Die res van die werk is gebaseer op primêre bronne. Die navorsing is in die Public Record Office in Londen, en die argief in Sierra Leone gedoen. Dr. Asiegbu se werk voldoen aan die streng eise van die geskiedskrywing, en getuig van 'n heldere insig in sy onderwerp.

D. W. van der Merwe.

Preston, Adrian: *The South African Diaries of Sir Garnet Wolseley* (Natal, 1875), pp. X-293, ll., A. A. Balkema, Kaapstad, 1971. R7.50.

Dr. Preston begin hierdie boek met 'n oorsig van die geskrifte van Wolseley en in bespreking van die historiese waarde daarvan. Dit word gevolg deur 'n uitvoerige uiteensetting van die Britse Buitelandse beleid tydens die laat-Victoriaanse periode wat sterk beïnvloed was deur die Krimoorlog, die Amerikaanse burgeroorlog en die toenemende Russiese aggressie in die rigting van Indië. Dit hou verband met die koloniale beleid, ook met betrekking tot die Kaap en Natal, en indirek die binnelandse Republieke in Suid-Afrika. Een van die toonaangewendste figure in hierdie tyd was Garnet Wolseley, wie se karakter en loopbaan vanuit verskillende gesigspunte toegelig word. Wolseley kry in 1875 opdrag om na Natal te gaan en te trag om die daar heersende strewe na verantwoordelike regering voorlopig op die lange baan te skuif. Uit die dagboek wat hy gedurende hierdie tyd gehou het, van 20 Maart, sy aankoms in Kaapstad, tot sy vertrek op 10 September 1875, blyk duidelik hoe groot sy invloed op die gebeurtenisse in Natal, en die hele Suid-Afrika, eintlik was. Die Natalse geskiedenis sou 'n heeltemal ander en waarskynlik rustiger verloop gehad het sonder hierdie verblyf van Wolseley. Bowendien was Wolseley na sy terugkeer in Engeland vir 'n lang tyd die belangrikste raadgewer van Carnarvon insake Suid-Afrikaanse aangeleenthede.

Volgens die imperialistiese opvattinge van die tyd moes Suid-Afrika totaal verengels word. In Natal moes Wolseley trag om die regeringspersone en voor-aanstaande figure op sy hand te kry. Sy optrede was oënskynlik begrypend en tegemoetkomend, maar in werklik was dit sterk berekenend. Sy grootste en swierige lewenswyse het vanselfsprekend diep indruk gemaak.

Nogtans blyk uit die dagboek dat hy wel deeglik oog gehad het vir die persoonlike opvattinge en belange van die Natallers. Hy was allermins 'n negrofilis en die manier waarop veediefstalle naby Oliviershoek teengegaan is, het sy volle ondersteuning gehad, hoewel hy hom in stilte afgevra het wat die reaksie in Londen sou wees, as dit daar bekend sou word (bl. 204).

In die betreklik kort periode wat hy hier was, het hy 'n opmerklike goeie oordeel oor toestande in Suid-Afrika gevorm. Hy het een van sy offisiere na die Transvaal gestuur om op hoogte te kom van die heersende menings daar. Hy het geweet, miskien nog beter as Shepstone 'n aantal jare later, dat die Engelse deel van die bevolking van Transvaal ten gunste van Britse federasie was, maar dat van die Boere geen simpatie vir sulke planne verwag kon word nie. Hy het bowendien baie goed besef dat daar vir die Boere in die binneland inderdaad weinig voordeel behaal kon word in nadere aansluiting by Engeland (bl. 237).

Ongetwyfeld was Wolseley aandadig daaraan dat teen die einde van 1875 die belangrikste Britse amptenare in Suid-Afrika terug geroep is en deur ander vervang is wat beter in die beleid van Carnarvon ingepas het. Dis egter opvallend dat sowel Barkly as Wolseley geen waardering kon voel vir die historikus Froude, wat met spesiale opdragte van Carnarvon na Suid-Afrika gestuur is.

Die belangrikheid van hierdie boek is dat uitvoerig op die agtergrond van die Britse militêre kliek ingegaan word. Die gebeurtenisse in Suid-Afrika was, vanuit Londen beskou, slegs 'n onderdeel van die beleid wat vir die gesamentlike wêreld-ryk vasgestel is. Dat dit in Suid-Afrika heeltemal anders opgevat is, is vanselfsprekend.

F. G. E. Nilant.